







# ATKV Postmatriek

MAAK DIE GROOTMENSWÊRELD KINDERSPELETJIES!

## INLIGTINGSGIDS

# INLEIDEND

Die ATKV-Postmatriekjaar is 'n tien maande lange wegbreekjaar vir jongmense aangebied op die ATKV-vakansieoorde. Alhoewel ATKV-Drakensville as basis dien, word tot soveel as vier van die ATKV se spogoorde deur die loop van die jaar besoek. Hierdie oorde met hul verskeidenheid ontspanningsfasiliteite is geleë in van die mooiste dele van Suid-Afrika.

So baie skoolverlaters is nie seker wat om na matriek te doen nie. Daarom is dit 'n goeie idee om na skool 'n breek te neem en binne 'n veilige omgewing te besin oor die opwindende maar uitdagende toekoms wat op jou wag.

Die ATKV bied deur Postmatriek so 'n geleentheid om nie net keuses oor jou loopbaan en toekoms te neem nie, maar ook om deur ervaringsleer verskillende vaardighede te ontwikkel en terselfdertyd lewenslange vriendskappe te smee.

Van die hoofdoelwitte van die Postmatriekjaar is om tydens 'n program gevul met visie, doelwitte, avontuur en uitdaging nie net leierskappotensiaal te ontdek nie, maar ook die insig en vermoë te ontwikkel om verantwoordelike en ingeligte
besluite rakende jou toekoms en loopbaanrigting te neem.



# PROGRAMINHOUD

Die ATKV-Postmatriekjaar se programinhoud bestaan uit ses opwindende afdelings om elke student tot sy volle potensiaal te ontwikkel.

01

## PERSOONLIKHEIDSONTWIKKELING

Algemene lewensvaardighede
Persoonlikheidsontleding
Emosionele intelligensie
Leierskapsontwikkeling
Groepdinamika-aktiwiteite
Kommunikasie
Probleemoplossing
Konflikbestuur

02

## TOEKOMSBEPLANNING

Loopbaanvoorligting en begeleide loopbaankeuses.
Jou aanleg en belangstellings word individueel deur 'n bedryfsielkundige bepaal.

Skaduwerk.
Jy gaan die geleentheid kry om verskillende beroepe te ervaar deur vir 'n dag of twee saam met suksesvolle persone op die onderskeie gebiede deur te bring om sodoende 'n gevoel vir die spesifieke loopbaan te kry.

Opstel van CV's.
Een van ons doelwitte is om jou te help bou aan 'n indrukwekkende CV. Sertifikate word dus toegeken vir al die kursusse wat deur die loop van die jaar voltooi is en behalwe vir opleiding in die opstel van 'n CV, kry jy 'n professioneel opgestelde en gebinde CV wat al die kursusse van jou Postmatriekjaar insluit

## 03 STRAATSKERP

Algemene regsbeginsels
Persoonlike finansies en begroting
Entrepreneurskap
Basiese besigheidsbestuur
Projekbestuur
Bemarking
Die aanleer van Zoeloe
Algemene beginsels in Afrikaanse skryfkuns
Seksualiteit
Wapenvaardigheid
Selfverdediging
Basiese doen-dit-self-vaardighede
Kompas-, kaart- en GPS-navigasie
Veldkookkuns
Huishoudelike vaardighede (kosvoorbereiding, huishouding)
Etiket

## 04 AVONTUUR

Bergfietskursus
Skubaduik
Stap- en wildernis-ekspedisies
Perdehantering en ruiterkuns
Witwaterroei (River rafting)
Abseil en rotsklim
Jag- en slagkuns
Kampkuns
Avontuurfasilitering en -aanbieding
Veldoorlewing
Noodhulp: vlak 1 en 2
Voël- en boomidentifikasie
Slanghantering



05

## PRET

Kultuurervarings
Bergfietstoer
Buurlanduitstappies na Mosambiek en Lesotho.
Leer iets van die omgewing en die geskiedenis daarvan

06

## AKADEMIE

'n Keuse van een uit van die onderstaande geakkrediteerde aanlyn kursusse word gemaak om tydens jou Postmatriekjaar te doen.

So word krediete bymekaar gemaak vir die rigting waarin jy belangstel, 'n rigting om te ondersoek of bloot net te werk aan jou indrukwekkende CV.

### Kies uit die volgende geakkrediteerde aanlyn kursusse:

Inleiding tot forensiese linguistiek
Bou gesonde verhoudinge in die werkplek
Integrasie van digitale media en kunsmatige intelligensie
Die innoverende onderneming
Kwantitatiewe navorsing in praktyk
Visuele kommunikasie: Powerpoints wat wérk
Water Management/Waterbestuur
Onderrig van Afrikaans as addisionele taal
Kernbeginsels van bemarking
Internasionale rekwydte en politieke impakbestuur vir bedrywe en gemeenskapsorganisasies
Die begroting en fiskale beleid
Die kuns van verkope
Middel- en laevlakbestuur en besluitneming
Groot boeke-program
Projekbestuur in praktyk
Geïntegreerde strategiese besluitneming: besigheidsimulasie
Ontleding en vertolking van finansiële state vir kleinsakeondernemings en entrepreneurs
Kunsmatige intelligensie en die toekoms
Basiese beginsels van finansiering vir entrepreneurs
Besigheidetiek
Inligtingstegnologie/ IT
Avontuurgids kwalifikasies AQN (Adventure Qualifications Network)



# AKKOMMODASIE

Studente word gehuisves in ’n koshuis op die oord. Elke kamer het ingeboude kaste en sluitfasiliteite om persoonlike eiendom te beskerm.
Deel van leierskapontwikkeling is om verantwoordelikheid te neem.

Dit sluit in die verantwoordelikheid vir skoonmaak en onderhoud van toerusting, kamers, ens.

"Die lewe is 'n avontuur, nie 'n pakketreis nie"
– Eckhart Tolle

# VOERTUIE EN SEKURITEIT

Alhoewel 'n paar studente eie voertuie bring, word dit nie aangemoedig nie aangesien daar nie onderdakparkering op die onderskeie oorde beskikbaar is nie. Die oorde is wel omring met sekuriteitsheinings en beskik oor 24-uursekuriteit. Vervoerreëlings vir studente vanaf ATKV-Postmatriek en terug met vakansietye en af naweke is die verantwoordelikheid van die ouers en studente. Die naaste busstop by ATKV-Drakensville is Harrismith en vir die tweede kwartaal is dit Tzaneen.

# KWARTAALDATUMS

Spesifieke datums sal aan alle ingeskrewe leerders kommunikeer word.

- Die eerste kwartaal skop af op ATKV-Drakensville, naaste busstop Harrismith (60 km).
- Tweede kwartaal begin op ATKV-Drakensville waarna ons in die middel van die kwartaal vir 4 – 5 weke skuif na ATKV-Eiland Spa (tussen Tzaneenen Phalaborwa), naaste busstop Tzaneen (70 km), naaste lughawePhalaborwa (120 km). Ons sluit weer af op ATKV-Drakensville maar daar sal 'n af naweek wees op ATKV-Eiland Spa indien die student van die Donderdagoggend – Sondagaand wil huis toe gaan of ouers kom kuier op die oord.
- Die derde en vierde kwartaal vind weer plaas op ATKV-Drakensville.

*Hierdie program kan verander in welke geval daar tydig kennis gegee sal word.

# OPENINGS- EN AFSLUITINGSFUNKSIE

Ouers word uitgenooi om die openings- en afsluitingsfunksie saam met die studente by te woon.
Die openingsfunksie en die afsluitingsfunksie vind plaas by ATKV-Drakensville.
Ouers is egter verantwoordelik vir hul eie verblyfreëlings en -kostes.

Skakel gerus ATKV-Drakensville by 036 438 6287 om akkommodasie te bespreek. Aangesien die oord gewild is, word ouers aangemoedig om dit reeds so vroeg moontlik te doen.
Meer inligting sal gestuur word saam met die "gelukwensing met keuring" -dokumente wat suksesvolle kandidate kan verwag binne 30 dae van aansoek.

# INSKRYWINGSPROSEDURES

Vul die aansoekvorm in en dien dit saam met ’n bewys van betaling van R200-administrasiekoste in vanaf 1 Mei tot 30 Desember 2026.

Die keuringsproses vind aan die einde van elke maand plaas vir die inskrywings wat tot dan ontvang is. Kandidate sal na genoemde datums skriftelik in kennis gestel word of hul aansoek suksesvol was al dan nie.

Saam met die suksesvolle kandidate se kennisgewing sal ’n kontrak versend word wat ingevul en saam met die deposito van R15 295 aan die organiseerders teruggestuur moet word binne 30 dae vandat kennisgewing van keuring ontvang is.

Indien die deposito nie binne 30 dae ontvang word nie sal die kandidaat se naam op ’n waglys geplaas word en mag weer in aanmerking geneem word vir keuring na 30 November 2026.

Inskrywings wat laat ontvang is asook inskrywings wat onsuksesvol was, sal na 30 November 2026 heroorweeg word.




## DOEN VROEG AANSOEK EN WEN!

Studente wat op 31 Augustus 2026 suksesvol gekeur is en wie se deposito’s teen 11 September 2026 ontvang is, kom in aanmerking vir ’n gratis -8 °C First Ascent-donsslaapsak ter waarde van R5 299.

Wenner sal teen 1 Oktober 2026 in kennis gestel word.

# KOSTE

Administrasiefooi betaalbaar saam met inskrywing: R200
(nie terugbetaalbaar nie)

Kursusfooi (BTW ingesluit): R152 950

**Kostes vir ATKV-Postmatriekjaar sluit in:**

- Hierdie bedrag sluit alle kostes vir die jaar in.
- Geen verdere bedrae sal deur die jaar gevra word nie.
- Alle etes tydens die program (ongeveer 660 etes per student).
- Alle vervoer tydens die program (ongeveer 17 000 km).
- Basiese toerusting
- Postmatriek-baadjie en -hemp
- Alle akkommodasie tydens die program
- Alle kursusse, sertifikate, handleidings en registrasiegelde

# BETAALOPSIES

| Opsie 1 (R152 950) | |
|---|---|
| Deposito R15 295<br>(betaalbaar binne 30 dae vanaf kennisgewing van keuring) | R15 295 |
| 10 maandelikse paaiemente<br>(Desember 2026 tot September 2027 voor of op die 5de van elke maand) | R13 765.50 |
| **Opsie 2 (R146 832 - Spaar 4% \| R6 118)** | |
| Deposito R15 295<br>betaalbaar binne 30 dae vanaf kennisgewing van keuring) | R15 295 |
| Kwartaallikse paaiemente<br>(4 gelyke paaiemente betaalbaar op 31 Desember 2026, 31 Maart 2027, 30 Junie 2027 en 30 September 2027) | R32 884.25 |
| **Opsie 3 (R143 773 - Spaar 6% \| R9 177)** | |
| Deposito R15 295<br>betaalbaar binne 30 dae vanaf kennisgewing van keuring) | R15 295 |
| Halfjaarlikse betaling<br>(2 gelyke paaiemente betaalbaar op 31 Desember 2026 en 30 Junie 2027) | R64 239 |
| **Opsie 4 (R125 419 - Spaar 8% \| R12 236)** | |
| Deposito R15 295<br>Betaalbaar binne 30 dae vanaf kennisgewing van keuring) | R15 295 |
| Eenmalig R125 419 | R125 419 |

# KONTAK

**Sylvester Smith**

076 199 4440
sylvesters@atkv.org.za.
www.atkvpostmatriek.co.za.

Samantha Smith

083 601 5023
samanthas@atkv.org.za.
www.atkvpostmatriek.co.za.

ATKV